

10 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 73

Dit is goed om naby God te wees

'n Gelowige behoort voorspoed te geniet en sukses te behaal. Geen kind van God hoef swaar te kry nie. Die Bybel belowe welvaart en sukses aan God se kinders. Jy moet die Here net volgens die regte resep dien, of jy moet die regte gebede bid. Daar is vandag baie Christene wat van hierdie sogenaamde voorspoedsgodsdiens oortuig is. Hulle sê jy moet net die regte sleutel vind, dan is voorspoed en welvaart joune.

Maar daar is tog baie gelowiges wat swaar kry. Baie gelowiges is arm. Ander ly swaar aan ongeneeslike siektes. Baie keer is gelowiges se lewe nie 'n toonbeeld van voorspoed en sukses nie.

As goddeloses daarenteen floreer en ten spyte van 'n onverskillige lewe voorspoed en welvaart geniet, kan dit vir ons 'n geloofskrisis word. Waarom dien ek die Here en dan gaan dit met my sleg? Hulle wat nie omgee nie se lewe is voorspoedig en hulle het blykbaar geen sorg nie.

Ons sal nie uit hierdie geloofskrisis kom as ons teen voorspoed en welvaart bly vaskyk nie. Eers as ons beseft dat dit oor ons verhouding met die lewende God gaan, sal ons uit hierdie krisis kan kom. Eers as ons saam met die digter kan sê: "Daar is vir my niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie" (vers 25), sal ons ook saam met hom tot die slotsom kom: "Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees" (vers 28).

Sing: Psalm 73:10,12

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)